

# Tshwane Sport

20 Julie 2016



Irvette van Zyl is een van die top-atlete wat Atletiek-Gauteng-Noord by die Suid-Afrikaanse halfmarathon-kampioenskappe, wat op 30 Julie in Port-Elizabeth plaasvind, sal verteenwoordig.

## Topatlete in SA marathon



**André Gobey**  
Op 'n drafstap

Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat hy die SA titel agter sy naam sal skryf nie, want hy kom te staan teen Elroy Gelant, wat vanjaar die Suid-Afrikaanse 5 000 m-rekord verbeter het, Sibuiso Nzima wat Suid-Afrika in Rio in die marathon gaan verteenwoordig en die verdedigende kampioen, Lucky Mohale.

Irvette van Zyl het 'n tyd van 2:32.20 aangeteken in die London-marathon en was vanjaar nog onstuitbaar oor enige afstand. Sy het verlede naweek die Totalsport-vrouewedloop oor 10 km in 'n tyd van 33:02 gewen. Haar naaste teenstand sal van Lebo Phalula en Christine Kalmer kom, wat albei ook vir die marathon-span na Rio gekwalifiseer het. Mokoka sal ondersteun word deur sy spanmaats Kgosi Tsosane, Vuyisile Tshoba, Lucas

Jani en Sam Segoba. Die mansveterane (40 tot 49 jaar) is Shadrack Hoff, Enoch Skosana en Alfred Matema en die meesters (50 tot 59 jaar) Daniel Mothibe, Joseph Ndlovu en Klein Magubane. Mike du Bruto en Don Charles sal die provinsie in die grootmeester-kategorie verteenwoordig. Van Zyl se spanmaats sluit in Caroline Wostmann (tweede in Comrades), Myrette Brink, Kataza Shipalana, Marelize Retief, Vuyokazi Gebe, Catherine Skosana en Patience Khumalo (SA marathonkampioen).

Truzanne Swanepoel en Paulina Phaho is in die veterane-afdeling gekies, terwyl Ansa Strydom in die meesters- en Frances van Blerk in die grootmeesters-afdelings sal uitdraf.

■ Stuur hardloop- en stapnuus na [gobey@telkomsa.net](mailto:gobey@telkomsa.net).

Atletiek-Gauteng-Noord het 'n gedugte span aangekondig wat die provinsie by die Suid-Afrikaanse halfmarathon-kampioenskappe op 30 Julie in Port Elizabeth sal verteenwoordig.

Die span bestaan uit 26 atlete, waarvan sommige Suid-Afrika op die Olimpiese Spele in Rio sal verteenwoordig. Hulle is onder andere Stephen Mokoka en Irvette van Zyl. Albei is goed op dreef. Mokoka het in Maart tiende in die Wêreld-halfmarathon-kampioenskappe klaargemaak met 'n tyd van 01:01:27. Hy sal in Rio aan die 10 000 m deelneem.